

Sing vooraf: Psalm 84:2, 5 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o Heer, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glans verskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 26:5 (p. 122)

- 5 Vol blydskap is my siel / wanneer ek voor U kniel / want woon waar aardse lig verdwyn.
Hoe lief het ek u woning, / die plek, o Hemelkoning, / waar U in heerlijkheid verskyn.

Skriflesing: 1 Johannes 5:1; Lees ook Jesaja 9:1-6

Teks: 1 Johannes 5:1; Kategismus Sondag 12

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.
(1 Johannes 5:1 AFR1953)

Mense wat dwaalleer verkondig, ruk altyd die Bybel uit verband uit omdat net sekere tekste aangehaal word en ander Bybelgedeeltes wat oor dieselfde saak handel, maar dit van 'n ander kant af belig, verswyg word. Die groot saak is dat ons die volle waarheid van die Bybel moet onthou en ken – en vertrou.

Hier in 1 Johannes 5:1 word baie swaar gelaaide woorde geskryf:

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is . . .

Hierdie woorde sluit 'n sekere groep mense in en sny weer 'n ander groep mense uit.

- Die wat glo dat Jesus die Gesalfde – dus die amptelike – Verlosser is, is ingesluit in God se verlossingsgenade en in die ewige lewe.
- Die ander – die wat die Here Jesus nie ten volle as God se amptelike Verlosser vir die mense erken nie, word uitgesny uit die Here se genade. Hulle het geen deel aan verlossing en saligheid nie.

Waarom praat ons van Jesus as die amptelike Verlosser? Om dit te kan verstaan, moet ons kyk na Jesus se Naam: *Christus* of *Messias*.

- Die twee name beteken al twee *Gesalfde*.
- Die Here openbaar Jesus juis met hierdie naam omdat almal wat in 'n amp gestaan het, deur God gesalf was vir die amp, sodat almal dit kon weet en erken.

Die Here Jesus word in Jesaja al voorspel as die Verlosser wat sterke God, Ewige Vader, Raadsman en Vredevors sal wees, met ander woorde as ewige God en Verlosser.

Ons teksvers lê presies dieselfde verband tussen die Here Jesus en God die Vader as wat die Ou Testament doen. *Jesus is die Christus van God en deur Hom alleen word ons verlos.*

As ons 1 Johannes 5:1 teen hierdie agtergrond lees, staan daar geskryf: Elkeen wat sy verlossing en redding van God deur sy Gesalfde verwag, is uit God gebore.

- In hierdie woorde word die luister van die Seun van God as sy Gesalfde aan ons openbaar gemaak.
- Dit gaan in hierdie vers oor die volle verlossingswerk van Jesus Christus, maar met die klem op sy werk as Gesalfde.

Hierdie openbaring van Jesus Christus is nie net van akademiese belang nie.

- Ons moet Jesus die Gesalfde van God persoonlik ken, want ons word gewaarsku dat daar in ons tyd valse christusse sal opstaan wat hulle gaan voordoen as die ware Christus.
- Dan sal baie mense hierdie valse christusse volg en hulle aanbid.
- Die antichris – wat die grootste een van hulle is en wat aan die einde verskyn – sal selfs wonders en tekens kan doen om die gelowiges te probeer verlei.
- Hy sal selfs sulke dinge kan doen soos om vuur uit die hemel te laat neerdaal.
 - *Wat baie belangrik is, is dat hierdie antichris homself in die Here se Naam gaan voorstel.*
 - *Hy gaan homself die “Christus” noem.*
 - *Daarom gaan iemand wat nie die gave van onderskeiding het nie, hierdie verkeerde Christus volg.*

Om te kan onderskei en om te kan volhard in die ware geloof, sonder dat twyfel ons afbreek, gee die Here openbaringe soos hierdie.

- Daar is net een ware Christus en Hy word aan sy salwing uitgeken tussen die valse christusse:
 - Die ware Christus is met die Heilige Gees gesalf voor 'n klomp mense wat dit gestaan en sien het.
 - Die ware Christus word deur God bekwaam gemaak vir sy werk.

Die Bybel openbaar 'n hele aantal dinge oor die ware Christus en Wie Hy is.

- 'n Aantal plekke in die Bybel openbaar *Jesus as God se Christus en Gesalfde*.

- Besef u dat die Christelike kerk op hierdie belydenis begin het, en daarop gebou is.
- Luister net weer na Petrus se toespraak in Handeling 2:36:
Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. (Handeling 2:36 AFR1953)
- God het Jesus “Here en Christus gemaak”.
 - God het Hom gesalf.
 - Dit is hoe God Jesus aangestel het as Profeet en Leraar.

Maar die Here Jesus is ook nog meer as dit. Ons lees in Hebreërs 5 dat die salwing van Jesus ingehou het dat Hy ook *deur God gesalf is as die enigste ware Hoëpriester*:

So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer. (Hebreërs 5:5 AFR1953)

Die Here Jesus was nie net God nie. **Hy was ook mens** – net soos ons. Onthou wat staan in Hebreërs 2:17 geskryf:

Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ’n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. (Hebreërs 2:17 AFR1953)

Dink ook gerus aan die woorde van Filippense 2:7:

maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; (Filippense 2:7 AFR1953)

Daarom is dit baie belangrik om die saak ook uit die hoek van sy mensheid te sien.

- Sommige van die eerste gelowiges moes oortuig word dat Jesus nie maar net ’n verwaande mens is wat Homself allerhande dinge aanmatig nie.
- Die antichris wat aan die einde kom, sal dit wel doen.

Daarom openbaar die Here dat geen mens homself tot heerlikheid kan roep nie.

- In sy mensheid kon Jesus ook nie.
- Daarom is Hy deur God daartoe gesalf.
- Die Here bevestig dit weer ’n keer in Hebreërs 5:4:

En niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron. (Hebreërs 5:4 AFR1953)

Ons Verlosser is van ewigheid af deur God verordineer. As ons in enige ander verlosser glo, gaan ons doodgewoon verlore.

- God het geen ander verlosser gesalf om ons met Hom te versoen nie.
- Dit beteken daar is nie ’n ander een nie.
- Moet nooit twyfel of die Here Jesus wat ons aanbid die ware gesalfde is nie. Toe Hy op die aarde gekom het, het die engele Hom so aangekondig:

En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ’n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. (Lukas 2:10-11 AFR1953)

Die boodskap is duidelik: Die Christus/Messias wat die redding vir julle bewerk, is hier. Hy is die ware en die enigste Een.

Wat beteken al hierdie dinge vir ons?

- Jesus is deur God gesalf as ons enigste Hoëpriester. **Sy offer het ons vrygemaak** van die ellendes en die ewige dood wat deur ons sondes aan ons vasgeplak is. As hoogste Priester **bid Hy elke oomblik**, tot op hierdie oomblik, vir elkeen van ons by God en **smeek Hy vir ons vergifnis in sy bloed**.
- Hy is ons hoogste Profeet wat ons vrymaak van die kortsigtigheid om in sonde te lewe en daarin ons toekoms en plesier te soek.
- Hy is ons Koning. Almagtig. Hy het die mag van die hel verbreek en ons vrygemaak om ewig te gaan lewe in sy koninkryk. Hy regeer nou so oor letterlik alle magte dat niks my saligheid van my af kan wegvat nie. Die Heilige Gees bely Hom só:

Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

(1 Timoteus 1:17 AFR1953)

wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, (1 Timoteus 6:15 AFR1953)

In die Naam Christus lê die losprys vir ons lewe. Die salwing van Christus bring ons binne of buite die grense van Jesus se verlossingswerk.

- Hy sterf vir sommiges – dié wat Hom as God se Gesalfde bely – tot ewige verlossing.
- Vir dié wat dit ontken of bevrageken, sterf Hy tot ewige verwerping en vervloeking.

Ons sal weet of ons in hierdie verlossing deel of nie, want ons dra sy beeld, met ander woorde ons is in sy Naam deur sy Heilige Gees gesalf om konings, profete en priesters te wees (1 Johannes 2:20; 1 Korintiërs 1:21, 22).

- Daarom moet elkeen van ons hierdie drievoudige amp gebruik om aan die wêreld te verkondig dat ons deur die Gesalfde van God geroep en vrygemaak is tot in alle ewigheid (1 Petrus 2:9).

Toe ons belydenisskrifte opgestel is, het die Sinode wat dit hanteer het, hierdie probleem ingesien, en daarom spesiaal iets geskryf oor waarom Christus die Gesalfde genoem word. Kom ons kyk wat leer ons belydenis hiervan in Kategismus Sondag 12.

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurig deur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hiema met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:2, 12 (p. 575)

- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 23 Maart 2008